


# 24-7 GEBED VIR HERLEWING

## 22-28 September 2025

## HUNKERING

### HUNKER NA SY KONINKRYK

*Die Gees en die bruid sê: "Kom!" En elkeen wat dit hoor, moet sê: "Kom!" En elkeen wat dors het, moet kom; elkeen wat die water van die lewe wil hê, moet dit kom kry, verniet!*
(Openbaring 22:17)

Om na God te hunker is 'n kragtige tema wat regdeur die Bybel geweef is, wat die mensdom se diep begeerte na geestelike vervulling en goddelike konneksie weerspieël. Dit sluit die begeerte na volle volwassenheid in geloof in, die afwagting van 'n oes wat mense van elke nasie, stam en taal sal inbring, die diepe hoop op eenheid binne die Liggaam van Christus en die onwrikbare geloof in die vervulling van al God se beloftes. Hierdie hunkering is nie 'n passiewe emosie nie, maar 'n aktiewe, transformerende krag – die oortuiging van God se liefde wat gelowiges aanspoor om God se waarheid te soek, volgens Sy gebooie te leef en onvermoeid te werk om Sy Koninkryk op aarde te bevorder.

Bid die volgende week nie net vir jouself nie, maar ook vir jou gemeenskap, jou stad en nasie, en elke volk en plek, dat God se Koninkryk sal kom en Sy wil op aarde geskied soos in die hemel.
Ons bid in samewerking met International Prayer Connect (IPC), 10 Days en ander netwerke regoor die wêreld.

---

**MAANDAG 22 SEPTEMBER 2025**
**VEROOTMOEDIGING**
*Onderwerp julle in nederigheid voor die Here, en Hy sal julle verhoog.* (Jakobus 4:10).

**Lees ook:** 1 Petrus 5:5-6

**Kom ons bid**
*Deurgrond my, o God, deurgrond my hart, ondersoek my, sien tog my onrus raak. Kyk of ek nie op die verkeerde pad is nie en lei my op die beproefde pad!* (Psalm 139:23-24).

**Wees stil**
Neem 5-10 minute om stil op die Heilige Gees te wag.

**Persoonlike gebed**
- Vra die Here om vergifnis vir selfsug, afgodery of selfverheffing.
- Vra Hom om jou te help om enigiemand wie jou te nagekom of seergemaak het, te vergewe. Wees bereid om uit te reik en verskoning te vra vir iemand wie se gevoelens jy seergemaak gemaak het.

**Intersessie**
- Bid vir mense in **jou stad en land** om hulleself voor God te verootmoedig (2 Kronieke 7:14).

---

**DINSDAG 23 SEPTEMBER 2025**
**GROEI TOT GEESTELIKE VOLWASSENHEID**
*Daarom moet ons nie bly by die begin van die prediking aangaande Christus nie, maar na die volmaaktheid voortgaan…* (Hebreërs 6:1a, OV).

**Lees ook:** Hebreërs 6:1-2; Kolossense 1:9-10

**Kom ons bid**
*Julle moet in My bly en Ek in julle. 'n Loot kan nie uit sy eie vrugte dra as hy nie aan die wingerdstok bly nie; en so julle ook nie as julle nie in My bly nie.* (Johannes 15:4).

**Wees stil**
Neem 5-10 minute om stil op die Heilige Gees te wag.

**Persoonlike gebed**
- Praat met die Heilige Gees oor die geestelike vrug in jou lewe.
- Vra vir die Here wat jy in jou lewe moet verander om geestelik te groei na meer volwassenheid in jou wandel met Jesus en skryf jou plan neer met die doel om dit te volg.

**Intersessie**
- Bid vir **leiers in jou stad om** toekomstige kerkleiers op te lei en voor te berei, hulle toe te rus met die visie om dissipelmakende gemeenskappe te vestig en te vermenigvuldig.
- Bid vir God se wysheid, moed, geloof, beskerming en deursettingsvermoë vir **leiers in vervolgde nasies,** terwyl hulle hul lewens daaraan wy om die Evangelie te deel.

---

**WOENSDAG 24 SEPTEMBER 2025**
**JA EN AMEN**
*Want hoeveel beloftes van God daar ook mag wees, in Hom is hulle ja en in Hom amen, tot heerlikheid van God deur ons.* (2 Korintiërs 1:20, OV).

**Lees ook:** Jesaja 55:8-11; 2 Korintiërs 1:18-20

**Kom ons bid**
*Onthou tog u woord aan my, die woord waarop U my laat hoop het. Dit is my troos in my ellende: dat u belofte my in die lewe hou.* (Psalm 119:49-50).

**Wees stil**
Neem 5-10 minute om stil op die Heilige Gees te wag.

**Persoonlike gebed**
- Bring jou gebedsbekommernisse voor die Here en vra Hom om jou te lei en te bemoedig deur Sy Woord.
- Hersien beloftes van God deur daardeur te bid – vir jouself, gesinsverhoudings en breër gemeenskap.

**Intersessie**
- Bid vir elke volgeling van Jesus om ten spyte van lyding in die lig van die hoop van die Evangelie te leef.
- Bid vir nasies waaraan die Heilige Gees jou herinner om gevul te word met die magtige teenwoordhigheid van die Here soos die waters die seebodem bedek (Habakuk 2:14).

---

**DONDERDAG 25 SEPTEMBER 2025**
**WERK SAAM MET GOD**
*… dit is God wat julle gewillig en bekwaam maak om sy wil uit te voer.* (Filippense 2:13).

**Lees ook:** 1 Korintiërs 3:4-11, Filippense 2:12-13

**Kom ons bid**
*Julle, daarenteen, is 'n uitverkore volk, 'n koninklike priesterdom, 'n nasie wat vir God afgesonder is, die eiendomsvolk van God, die volk wat die verlossingsdade moet verkondig van Hom wat julle uit die duisternis geroep het na sy wonderbare lig.* (1 Petrus 2:9).

**Wees stil**
Neem 5-10 minute om stil op die Heilige Gees te wag.

**Persoonlike gebed**
- Vra die Here om vergifnis vir enige versuim om na Hom te luister en saam met Hom in Sy koninkryk te werk.
- Vra die Here vir die vermoë om te gee soos jy van Hom ontvang het deur middel van hulpbronne, tyd, talente, ens.
- Loof God dat Hy jou geroep het en vra vir Sy leiding om dit te doen wat Hy aan jou toevertrou het.

**Intersessie**
- Bid vir gelowiges om getrou die voorbeeld te volg van leiers en mentors wat geloof en deursettingsvermoë in Christus toon (Hebreërs 6:10-12).
- Bid dat die Kerk vrygewigheid aan verarmde gemeenskappe sal betoon, korrupsie weerstaan en hulpbronne met regverdigheid, integriteit en deursigtigheid sal versprei.

---

**VRYDAG 26 SEPTEMBER 2025**
**OORVLOEDIGE OES**
*"Bid dan die Here aan wie die oes behoort, om arbeiders uit te stuur vir sy oes."* (Matteus9:38).

**Lees ook:** Matteus 9:37-38; 2 Petrus 3:9; 2 Korintiërs 5:14-15

**Kom ons bid**
*Toe het ek die Here hoor vra: "Wie kan Ek stuur? Wie sal ons boodskapper wees?" Ek het geantwoord: "Hier is ek! Stuur my!"* (Jesaja 6:8).

**Wees stil**
Neem 5-10 minute om stil op die Heilige Gees te wag.

**Persoonlike gebed**
- Vra die Here om vergifnis vir oomblikke wat jy geskroom het om Sy goeie nuus te deel.
- Smeek die Here om jou oë oop te maak om geleenthede te sien om die Evangelie te deel.

**Intersessie**
- Bid vir alle mensegroepe in die **groot stede van jou nasie** om tot die volle kennis te kom van God en Jesus Christus wat Hy gestuur het.
- Bid vir eenheid in die Kerk om die boodskap van verlossing wyd en in die onmiddellike omgewing uit te dra, dissipels te wees en effektiewe dissipelmakers te word.

---

**SATERDAG 27 SEPTEMBER 2025**
**NIEMAND MAG VERLORE GAAN NIE**
*Die Here stel nie die vervulling van sy belofte uit nie, al dink party mense so. Nee, Hy is geduldig met julle, omdat Hy nie wil hê dat iemand verlore gaan nie: Hy wil hê dat almal hulle moet bekeer.* (2 Petrus 3:9).

**Lees ook:** Lukas 15:4; Lukas 19:10; Johannes 3:16

**Kom ons bid**
*God is ryk in goedheid, verdraagsaamheid en geduld! Sê dit vir jou niks nie? Besef jy nie dat God jou deur sy goedheid tot bekering wil lei nie?* (Romeine 2:4).

**Wees stil**
Neem 5-10 minute om stil op die Heilige Gees te wag.

**Persoonlike gebed**
- Buig met n nederige hart voor die Here en vra vir 'n openbaring van die groot prys wat Hy bereid was om te betaal vir die redding van die wêreld.
- Bid opreg oor jou eie verlossing en Sy verlange om deur jou te werk en ander siele vir Hom te bereik.

**Intersessie**
- Vra God vir name van **mense in jou invloedsfeer wat Jesus nog nie volg nie**; teken hulle name aan en bid gereeld vir hulle, wag op God vir geskikte geleenthede om die Evangelie te deel.
- Bid vir mensegroepe in jou land wie die Evangelie weerstaan, vra die Here vir 'n oop deur om hulle te bereik met die Evangelie van verlossing.

---

**SONDAG 28 SEPTEMBER 2025**
**TERUGKEER VAN DIE KONING**
*Dan sal die teken van die Seun van die mens in die hemelruim verskyn, en al die volke van die aarde sal verslae wees. Hulle sal die Seun van die mens op die wolke van die hemel sien kom met groot krag en majesteit*. (Matteus 24:30).

**Lees ook:** Lukas 19:11-27

**Kom ons bid**
*Die Here is 'n God wat reg laat geskied, en dit gaan goed met elkeen wat op Hom vertrou*. (Jesaja 30:18).

**Wees stil**
Neem 5-10 minute om stil op die Heilige Gees te wag.

**Persoonlike gebed**
- Tydens aanbidding praat met die Here oor Sy wederkoms en hoe jy na Hom hunker. Bevestig Sy koms, Sy triomf en heerskappy en jou afwagting om van aangesig tot aangesig voor Hom te staan.

**Intersessie**
- Bid vir die regstelsel in jou land en bid vir die verskillende instellings wat wet en geregtigheid toepas.
- Bid vir God om Sy geregtigheid in jou land te vestig en om elke hart voor te berei vir die wederkoms van die Koning.